



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

AFRIKAANS HUISTAAL V2

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.
3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gedigte (30)

AFDELING B: Prosa (25)

AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

AFDELING A: GEDIGTE

Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.

Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)
 - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
 - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.
6. LENGTE VAN ANTWOORDE
 - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
 - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
 - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord die vrae bondig en relevant.
7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
10. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: ongeveer 40 minute
AFDELING B: ongeveer 55 minute
AFDELING C: ongeveer 55 minute
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: GEDIGTE			
Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.			
VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSY
1. "27 April 1994"	Opstelvraag	10	6
2. "Vroue van Vermeer"	Kontekstuele vraag	10	7
3. "n Paternoster vir Suid-Afrika"	Kontekstuele vraag	10	9
4. "Die Bokser"	Kontekstuele vraag	10	11
Ongesiene gedig: Verplichtend		EN	
5. My Blommenkie-lief	Kontekstuele vraag	10	13
AFDELING B: ROMAN			
Beantwoord EEN vraag.*			
6. <i>onderwêreld</i>	Opstelvraag	25	14
7. <i>onderwêreld</i>	Kontekstuele vraag	25	14
8. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Opstelvraag	25	17
9. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Kontekstuele vraag	25	17
10. <i>Vatmaar</i>	Opstelvraag	25	20
11. <i>Vatmaar</i>	Kontekstuele vraag	25	20
12. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Opstelvraag	25	23
13. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Kontekstuele vraag	25	23
AFDELING C: DRAMA			
Beantwoord EEN vraag.*			
14. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Opstelvraag	25	26
15. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Kontekstuele vraag	25	26
16. <i>Mis</i>	Opstelvraag	25	29
17. <i>Mis</i>	Kontekstuele vraag	25	29

* **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK ✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Opstel of kontekstueel)	6–13	1	
C: Drama (Opstel of kontekstueel)	14-17	1	

LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

AFDELING A: GEDIGTE**VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

27 April 1994 – Vincent Oliphant

- 1 uiteindelik vou ek die verlede toe
- 2 knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
- 3 tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip
- 4 en anderkant
- 5 wonderbaarlik
- 6 vry
- 7 die duif van vrede sy blou vlerke sprei

- 8 sodat my nuutgebore stem na woorde smag
- 9 om 'n lied vir my land
- 10 soos 'n vlag aan die tong te sweef
- 11 bo die geruislose val van skanse van die vel

- 12 sodat ek vry uit die vervreemding tree
- 13 om in die oë van vergetenes en langverlorenes
- 14 uiteindelik myself te kan sien
- 15 soos iemand wat ek nooit geken het nie

- 16 om aan hulle die hand te gee
- 17 en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

- 18 want een lyn van bloed loop deur die eeue
- 19 loop deur die ganse geskiedenis
- 20 loop deur elke uithoek van die land
- 21 loop deur my en loop deur jou
- 22 van Genesis tot nou

[Bron: *Die sagte vlees*, 1998]

Halfrym, tipografie en beeldspraak ondersteun die gedagte van vryheid.

Bespreek die stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde.

[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Vroue van Vermeer – T.T. Cloete

- 1 Dit is meestal 'n mooi jong vrou.
2 Meestal is sy alleen binnenshuis,
3 dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou,
4 naby, in 'n gloeiende klein hand
5 voor 'n kleiner of groter oop
6 venster. Daar kom 'n ligte geruis
7 van 'n wêreld aan uit 'n land-
8 of groter wêreldkaart
9 wat teen die muurvlak oorkant
10 hang, daar waar seestrome en wind loop
11 met haar land se ganse skeepvaart.
12 Sy staan, sy sit, sy buk oor kant,
13 sy droom of sluimer
14 in lig wat in vlokies of korrels brand
15 of dof kaats in die ruimer
16 ruimte van 'n skildery of spieël of in 'n wynhouer
17 ivoor maak, of sy speel klavesimbaal
18 of sy loer oor haar skouer
19 en dra 'n sonnende pêrel teen haar nek
20 se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal
21 ín in die liefse klein afgemete vertrek,
22 oorvloedig, uit die oop grote
23 universum en wat klein aardse geslote
24 stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

[Bron: *Driepas*, 1989]

- 2.1 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, byvoorbeeld. 2.1 E.

Waarom kan hierdie gedig as 'n kumulatiewe beeldgedig gesien word?

- A Dit handel oor die hele oeuvre van Vermeer.
B Dit handel oor Vermeer.
C Die gedig is geïnspireer deur 'n beeldende werk van Vermeer.
D Die gedig het baie beeldspraak. (1)

- 2.2 Motiveer waarom die gebruik van die titel so effektief in hierdie gedig is en verduidelik hoe hiêrdie belangrikheid uitgehef word. Watter woord in versreël 1 sluit by die titel aan? (3)

- 2.3 Verduidelik die konnotatiewe betekenis van die onderstreepte woord in versreël 2 en dui die verband met die onderstreepte woorde in versreël 3 aan. (2)

- 2.4 Verduidelik die stylfiguur wat in versreël 6 voorkom. (1)
- 2.5 Benoem en verduidelik die betekenis van die beeldspraak in versreël 8. (2)
- 2.6 Verwys na versreël 17 en 19.

Wat sou jy sê is die doel om hierdie onderstreepte voorwerpe juis hiér te gebruik.

(1)
[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

'n Paternoster vir Suid-Afrika – Lina Spies

- 1 Here, laat die name geheilig word
2 van al die kinders van die land –
3 van hulle
4 wat modderkoekies gebak het uit sy aarde,
5 dassies skrikgemaak het in sy kloue,
6 wol getrap het in sy krale.
- 7 Ek het asemloos toegekyk:
8 swart bolywe geboë oor magtelose diere
9 en skerp skêre wat my laat wag het,
10 bang vir die glip-slag, die bloed, die pyn.
11 Maar die swart versigtige hande
12 het selde dieper as die wit geknip
13 en ek kon die lootjies uitdeel
14 want die arbeider was sy loon waardig
15 volgens die aantal wat hy vrygemaak het
16 om ligvoets teen die somerheuwels uit te wei.
- 17 Maar die bale is lankal toegewerk en weggestuur,
18 die wololie van my voete afgewas,
19 my bene nie meer lam getrap nie.
- 20 Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes,
21 soos ons hule vergewe, die luidrugtiges
22 wat nooit binne die kraal was nie,
23 wat nooit rietperd gery
24 en kaalvoet geloop het nie,
- 25 en Here sien ons hande aan:
26 Kyk, om my wit pols is 'n armband van gras;
27 my donker speelmaat het dit kunstig gevleg
28 soos ek nooit kon nie ...
- 29 Aan u behoort die land
30 en die son
31 en die skape van sy weiding
- 32 Gee ons liefdevolle hande, Heer,
33 en sny U self versigtig aan die belemmerende klee
34 dat daar nie onnodige bloed verspil nie
- 35 en deel U self die lootjies uit

[Bron: *Digby Vergenoeg*, 1971]

3.1 Waarom is dit korrek om te sê die titel plaas die leser in 'n gewyde stemming en waarop dui die onbepaalde lidwoord in die titel? (2)

3.2 Op watter wyses beklemtoon die spreker wie die kinders is waarna in versreël 2 verwys word? (2)

3.3 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, byvoorbeeld 3.3 E.

Benoem die stylfiguur in versreël 8.

- A Metafoor
- B Sinekdogee
- C Klanknabootsing
- D Kontras (1)

3.4 Haal die versreël aan wat daarop dui dat die pogings om swart-wit verhoudings te laat werk, vrugte afgewerp het. (1)

3.5 Waarom is dit funksioneel om die tempo in versreël 20 te verstadig en hoe word dit bewerkstellig? (3)

3.6 Verwys na versreëls 26 tot 28.

Is dit geregverdig om te sê dit is die antwoord op die verkryging van die lootjies in versreël 35? Motiveer jou antwoord. (1)
[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die bokser – Ernst van Heerden

- 1 Die grense van die klein kryt
2 is hellende onvastigheid,
3 waar wit bors fier teen wit bors staan
4 en skim teen skim die skynhou slaan;
5 die lyf word wiegend – ritmies, sterk –
6 tot skerm en liemaak ingeperk;
7 vier donker oë blits fel en woens,
8 wyl twee gedaantes mik en koes;
9 maar elk groteske vuis se smag
10 laat lis en weerstand verder knak ...
11 die liggaam is so rank gebou
12 en weerloos teen dié man se hou;
13 tog sal my mokerslag hom tref
14 waar hy hom vaag en grynsend hef,
15 sy beeld versplinter in die glas
16 waar netnou my gestalte was;
17 'n flikker-weerskyn word verskerf,
18 'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...
19 Wie is die man wat roerloos lê,
20 wie't 'n bekende naam gesê?
21 Waarom die skaar aan't roep en fluit,
22 en waarom flakker ligte uit ...?

[Bron: *Groot Verseboek*, 1981]

4.1 Beantwoord die titel aan die leser se verwagting? Motiveer jou antwoord. (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, byvoorbeeld 4.2 E.

Verduidelik die stylfiguur in strofe 1.

- A Dit dui op die tou van die kryt wat grense stel.
B Dit dui op die beperkte ruimte waarin die geveg plaasvind.
C 'n Kryt is 'n terrein van sekerheid, maar in versreël 2 is dit nou skuins en onvas.
D Die lewe perk jou soos 'n kryt in. (1)

- 4.3 Hoe weet die leser die wending vind in versreël 9 plaas en waarom is dit juis hiér so effektief? (2)
- 4.4 Tot watter insig kom die mens in versreël 12? (1)
- 4.5 Waarom kan gesê word dat die rympatroon en die strofebou effektief in die gedig meewerk? (2)
- 4.6 Die vertellersperspektief in die gedig wissel.
- 4.6.1 Verduidelik die stelling hierbo. (2)
- 4.6.2 Hoe dra die gebruik van die ellips in versreël 22 by om jou verduideliking by VRAAG 4.6.1 te staaf? (1)
- [10]**

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

My Blommenkie-lief – Christo du Plessis

- 1 In die Rosestad
 2 het ek vir Rosalie ontmoet.
 3 Haar donker aroma het my begroet -
 4 Maar haar ouderdom sou ek nooit kon skat.
- 5 Aan Tafelberg se hange
 6 het ek vir Heidelberg gekry.
 7 Haar lyf het my gelei -
 8 Maar haar oë was vol van vër verlange.
- 9 In die digtheid van die Bosveld-tuin
 10 het ek aan Doringrosie vasgehaak.
 11 Sy het my met haar weligheid aangeraak -
 12 Maar haar hart was begrawe onder seerkry se puin.
- 13 In die Hooglande met sy eie taal
 14 het my Blommenkie-lief gewag vir my.
 15 Sy het met haar rooi lippies gul gelag en was bly –
 16 Want ek het haar as my deelgenoot gaan haal.

[Bron: *Vir vanaand sal ek net jou hand vashou*, 2015]

- 5.1 Voltooi die onderstaande sin:
 Tipografies bestaan die gedig uit vier ... (1)
- 5.2 Rosalie se swaar parfuim word in strofe 1 genoem.
 5.2.1 Watter halfrym versterk hierdie gedagte? (1)
 5.2.2 Watter woord dui aan dat hierdie aroma nie 'n indruk op die spreker
 gemaak het nie? (1)
- 5.3 Dink jy die rym in strofe 2 is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)
- 5.4 Wat is die stemming na die wending in strofe 2? (1)
- 5.5 Met watter woord in strofe 3 skakel "digtheid" (versreël 9) en wat word deur
 versreël 11 geïmpliseer? (2)
- 5.6 Verwys na strofe 4.
 5.6.1 Hoe kontrasteer die dame in strofe 4 met die ander dames in die
 gedig? (1)
 5.6.2 Watter woord beklemtoon die progressie in die gedig en waarom is
 dit korrek om te sê dit was 'n wedersydse soektog? (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

VRAAG 6: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG

Die handeling van Greg ondersteun die tema van die ontwikkeling van 'n adolessent wat voor 'n aantal uitdagings te staan kom op pad na selfbegrip en volwassenheid.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]

VRAAG 7: ONDERWÊRELD – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

Ek spring uit die bed dat die beddegoed doer trek, gryp my badkamersakkie en handdoek. Toe ruk ek die koshuiskamer se deur oop. In die gang loop ek my byna kis teen iemand.

Thomas-Jean. TJ in kort.

“Jy’s bietjie laat, bru,” sê hy.

5

“Ek weet. Dis Eckardt, die goorgat – hy’t my nie kom wakker maak nie. Kan nie nou praat nie. Sien jou later, TJ!”

Almal wat ek in die gang teëkom, is al aangetrek: swart broeke, baadjies. Wit hemde, geel dasse. Die skoolwapen met die fakkel op die baadjies se sakke. Bo die wapen is die skool se naam: Lawson Kollege, en onder die wapen die skool se leuse: Lux hominum vita.

10

Ek stamp my pad oop deur die bondelende klomp seuns wat op pad is na die eetsaal.

“Hei, buddy, lekker verslaap,” roep een.

“Is jy nie aan diens by die graadagts nie?” vra een van die VRL’s.

15

Dit ook nog. Ek het vergeet. Ek hoop maar net hulle het nie die plek vanoggend afgebreek nie. En dat almal uit die bed is.

Nog 'n paar ouens terg, ander wil groet, gesels, vra oor rugby of iets. Maar ek mompel net onhoorbare verskonings. Die verdomde Eckardt, vloek ek weer sag. Ná 'n vinnige stort, skeer en tandeborsel, gaan trek ek aan. Toe sit ek af met die koshuisgang, systap 'n skoonmaker wat my verbaas agternakyk. Eckardt se kamer is net 'n kort entjie van myne af. Ek klop vinnig, pluk die deur oop voor hy kan antwoord.

20

- 7.1 Wie is die ek-verteller in TEKS A en waarom is die keuse van dié soort verteller hier suksesvol? (2)
- 7.2 Is TJ se latere optrede in die verhaal regverdigbaar? Motiveer jou antwoord. (1)

7.3 Verwys na reël 11: Lux hominum vita

7.3.1 Gee die betekenis van dié leuse. (1)

7.3.2 Motiveer of die ek-verteller se besluit ten opsigte van dok Pienaar 'n uitlewing van hierdie leuse is. (1)

7.4 Verwys na reëls 11 tot 15.

7.4.1 Watter gesindheid openbaar die medeleerders teenoor die ek-verteller? (1)

7.4.2 Sou hierdie gesindheid van die medeleerders die ek-verteller se keuse by die rugby-oefening kon verduidelik? Motiveer jou antwoord. (1)

7.4.3 Waarom het die ek-verteller besluit om wel só by die rugby-oefening op te tree? (1)

7.4.4 Motiveer of daar enige verband tussen hierdie optrede en die skool se leuse is. (1)

7.5 Verwys na reëls 18 tot 19.

Watter ontdekking maak die ek-verteller in die kamer en watter emosie ervaar hy tydens die ontdekking? Watter gebeurtenis kon gelei het tot hierdie emosie? (3)

EN

TEKS B

“Ma, sal Ma na Pa kyk? Ek moet vir inspekteur Cele bel.” Dis nie oor my pa dat ek nou vir haar wil kontak nie. Sy, sersant Botha en die ander polisie-eenhede wat betrokke gaan raak, sal mettertyd van hom uitvind. Ek kan dit nie keer nie. “Ek moet haar vertel van Ekk-0.”

Buite die motor gly die landskap geruisloos verby in die donker. Greg se selfoon breek die stilte. Private number, lees die selfoonskerm. 5

“Greg, halo?” Hy luister. En druk dit dan net dood.

“Wie was dit?” vra sy ma moeg.

“Iemand van die koerant.”

Sy sug. Greg draai om in sy sitplek, kyk na die motor wat hulle volg. 10

Sy pa. Sy gesig skaars sigbaar in die donker. Hy draai weer terug. Dit is nog ver Johannesburg toe. Die motorligte vloei helder oor die teerpad.

Lux hominum vita.

Greg leun met sy kop teen die passasiersvenster. Sy tong voel dik in sy mond.

“Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie,” sê hy sag. 15

’n Hand op sy skouer. Sy ma s’n.

Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.

Die selfoon lui weer. Die joernalis het nog nie die boodskap gekry dat hy nie met haar wil praat nie. “Net asseblief een ding, Greg,” hoor hy haar sê, “die ou na wie die polisie soek – ek het twee name hier: Eckardt Wilken en Ekko-0. Is dit sy regte naam?” 20

7.6 Teen watter agtergrond speel hierdie uittreksel af? (1)

7.7 Om watter redes sou ons kon sê die milieu in TEKS B is ook ’n geestesruimte? (2)

7.8 “Ek kan dit nie keer nie.” (Reël 3)

7.8.1 Waarna verwys Greg hier? (1)

7.8.2 Waaroor het Greg konflik beleef? (1)

7.8.3 Waarom sou hierdie woorde as ironies beskou kon word? (1)

7.9 Wat impliseer reël 11? (1)

7.10 Verwys na reël 15.

Om watter rede sou Greg gedink het hy is “bullet-proof” en watter optrede van hom het die teendeel bewys? Wat verklap hierdie reël oor Greg se karakter? (3)

7.11 Watter handeling van mnr. Owen laat Greg toe om nou oor John te huil? (1)

7.12 Hoe verskil TEKS A en TEKS B ten opsigte van die ontwikkelingslyn van die roman? (2)

[25]

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

VRAAG 8: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – OPSTELVRAAG

In Barotseland kom Baas, die swerwer, tot rus en groei tot iemand wat vir ander omgee.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]

VRAAG 9: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C

“Lyk my jy weet ook van alles, Riekert. Ek is nuuskierig. Wat weet jy nog van my?” Baas leun teen die bakkie.

“Moenie my verkeerd verstaan nie, Baas. Ek probeer glad nie insinueer dat jy finansiële probleme het nie. Ek sê net as jy my dalk eendag nodig kry, vra maar daar by Kubu Lodge. Hulle sal weet waar ek is. En, soos ek gesê het, ek betaal goeie pryse. Jy lê hier teen Angola, man. Noudat ou Savimbi se Unitatjies honger word, kom hierdie klippies by die honderde oor die grens. Dis makliker as maroelas optel.”

5

“Nog iets?” vra Baas, sy een arm op die oop deur, die ander arm op die Land Rover se dak.

10

“Jy laat my skoon vasgekeer voel, ou maat.” Riekert stryk met sy plat hand oor sy kop. “Lyk my jy en hierdie hond van jou is ewe wantrouig. Moet nou nie koppig wees nie, man. Hierdie rivier is nie elke ou se maat nie. En die Zambezi Joy is gedaan. Jy mors jou tyd. Sy sal nooit weer water toe gaan nie. Dink mooi: Hierdie soort klippies is dalk net wat jy nodig het om 'n nuwe begin te maak. Ons weet almal jy wil 'n toerbesigheid begin. In jou kop lyk dit miskien na 'n wenner, maar op die ou end loop jy met 'n bondeltjie op jou rug uit Barotseland weg.”

15

“Of ek sit met 'n splinternuwe boot met 'n splinternuwe naam,” glimlag Baas.

“Geheimsinnig oor die nuwe naam?”

- 9.1 Hoekom is Riekert se teenwoordigheid op Manaka onwelkom? (1)
- 9.2 Riekert verwys in reël 4 na Baas se “finansiële probleme”.
Gee redes vir hierdie “probleme”. Wat was die uiteindelijke gevolg vir Baas as jy die tema van omgee/Ubuntu/mededeelsaamheid in gedagte hou? (3)
- 9.3 Herlees reëls 3 tot 11.
- 9.3.1 Van watter karaktereienskap van Baas is Riekert bewus? (1)
- 9.3.2 Hoe ondersteun Grace se siening van Baas dié karaktereienskap? (1)
- 9.3.3 Dink jy Baas se reaksie op Riekert se voorstel is realisties? Motiveer jou antwoord uit die roman. (1)
- 9.4 Hoekom is Baas “wantrouig” teenoor Riekert en hoe loop Riekert se plannetjies op Manaka uiteindelik skeef? (2)
- 9.5 Herlees die onderstreepte sin in reël 16.
- 9.5.1 Hoekom wou Baas 'n toerbeginskap begin? (1)
- 9.5.2 Slaag Baas in sy doel? Motiveer jou antwoord uit die roman. (1)
- 9.6 Wat is die boot se nuwe naam? (1)
- 9.7 Motiveer waarom die latere antwoord wat Riekert self op sy vraag in reël 19 gee, ongeregverdig is. (1)

TEKS D

Baas bly staan. Watter soort boodskap sal 'n mens nou los as jy self nie eens weet hoekom jy gekom het nie?	
Hy maak die agterklap oop en laat die trop honde afspring. Hulle loop hulle draaie en spring weer op. Hy maak die klap toe en skakel die Land Rover se ligte af.	5
In Whitey se tent trek hy 'n vuurhoutjie. Daar is 'n paraffienlampie op 'n groen trommel langs 'n kampbed. Hy steek dit aan. Op die trommel lê 'n Bybel. Baas gaan lê op die bed, sy hande in die lug; seer van die warm planke wat hy moet buig om by die kromming van sy boot se romp aan te pas. lewers roep 'n dikkop. Het Whitey ook 'n ashoop? Wat gebeur nou daar by die Plek van die Kremetartbome? tuimel sy gedagtes.	10
In Whitey se Bybel lees hy die tekste wat Ouma Essie vir hom gegee het toe sy hom kom roep het om die kerk se balke te gaan haal. Hy ryg die tent weer toe en ry terug. Op pad wag hy vir die dag om te breek. Ligdag loop hy en die honde die kop uit na die boom toe waar die vlakvark Longwane gegaffel het. Dit is die kremetart waar Whitey se oupa in sy jong dae nog 'n uitgekerfde naam in die bas kon lees. Hy loop teen die skuinsgroeierende stam uit en kry die knopperige riwwe.	15
<i>Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie ...</i>	

- 9.8 Watter soort verteller is in reëls 1 tot 2 aan die woord en wat is sy funksie hier? (2)
- 9.9 Is daar 'n verband tussen Whitey, die uitgekerfde naam in die kremetart en Baas? Gee TWEE redes vir jou antwoord.
Is daar 'n vroeër optrede van Baas in die roman wat hierdie verband bevestig? Motiveer jou antwoord. (3)
- 9.10 Aan watter "familiekwaal" ly Whitey? (1)
- 9.11 Ouma Essie voer 'n soortgelyke rede aan vir Meneer Johnnie (TEKS C) en Baas (TEKS D) se koms na Manaka.
Wat is dié soortgelyke rede? Noem DRIE bewyse uit die roman dat Baas sy regmatige plek op Manaka inneem. (4)
- 9.12 Reël 19 (TEKS D) verteenwoordig die godsdienstema in die roman.
- 9.12.1 Gee 'n ander tema wat in die roman voorkom. (1)
- 9.12.2 Watter boodskap word aan die leser oorgedra, deur die tema wat jy genoem het? (1)

[25]

VATMAAR – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

VRAAG 10: VATMAAR – OPSTELVRAAG

In die roman Vatmaar beleef Tant Wonnies en Oom Chai konflik as gevolg van hulle interaksie met mense.

Bespreek die stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]

VRAAG 11: VATMAAR – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

Die Du Toitspan-hospitaal het 'n brief vir die dorpsraad geskryf waarin hulle sê hulle sal een of twee keer 'n week 'n verpleegster Vatmaar toe kan stuur, op een voorwaarde: Die dorpsraad moet betaal vir die transport, of dit nou 'n kapkar of 'n mouterkar is. Net vir 'n bicycle of 'n gewone perdekar hoef hulle nie te betaal nie. Die dorpsraad het die hospitaal-superintendent bedank en die voorwaarde aanvaar.	5
Dit was weer 'n plesierige Mister Burns wat vir Kenny kom sê het: Here is the letter from the town council. The clinic will be opened, not this Saturday but the next. Get ready for the celebration, for there is a time to mourn and a time to be merry. Kenny vra toe die domanie om op die agenda van die diens te sit dat die kliniek die volgende Saterdag deur die burgermeester van die Pan en sy raadslede oop verklaar sal word, en dat hulle baie bly sal wees as die hele Vatmaar na die feesvieringe kan kom.	10
Kenny het vir Sus Bet geld gegee en haar gevra om die beste khadie te maak wat sy nog ooit gemaak het. Sy het gesê: Op een voorwaarde, dat Vatmaar se mense nie van die khadie drink nie. Laat dit net vir die mense van die Pan wees. Fair enough, sê Kenny.	15
Ek verwag dat jy dit so sal hou, het Sus Bet gesê. Die gemmerbier sou deur Nurse-sister Gous gemaak word, en sy moes ook sorg vir genoeg vier-gelling-paraffienblikke vir die bier.	20

11.1 Die Kliniek.

11.1.1 Waarom was die oprigting van die kliniek so belangrik vir Kenny? (2)

11.1.2 Watter raadslid het 'n groot rol gespeel om die kliniek tot stand te bring? (1)

11.2 Die oprigting van die kliniek was vir Kenny 'n "time to be merry" (reël 9).

Gee nog TWEE redes waarom dit vir Kenny 'n "time to be merry" kan wees. (2)

11.3 Waarom het Kenny juis vir Sus Bet gevra om die khadie te maak? (1)

11.4 Hoe sluit Sus Bet se woorde en/of handeling op die delwerye by die titel van die roman aan? (2)

- 11.5 Noem karaktereienskappe van Sus Bet wat jy uit die roman kan aflei en gee 'n voorbeeld van elke karaktereienskap uit die roman. (4)
- 11.6 Herlees reël 16 tot 18.
Hoekom, dink jy, stel Sus Bet hierdie voorwaarde? (2)

TEKS F

God, my God, het hy nou op sy bicycle gesit en dink. Ek dank U dat U weer die liefde in my hart herstel het. Laat my tog hierdie meisie aanvaar soos sy is, dat ek haar nie sal probeer verander nie. Want sy is onskuldig en rein in denke en dade. Laat my tog nooit die oorsaak wees van enigiets wat haar sal seermaak nie. Sy is myne en ek behoort aan haar. En gee dat ons U in ons saamwees sal eer, my God. 5
Voor sonder daardie middag het hy gesê: Suzan, ons moet die lamp by die kliniek gaan regmaak. Ek sal vir Heinrich dra, dan bring jy vir my die sak met die lamsakkies en die Instructions.

Hulle is eers na Nurse-sister Gous. Ja, sê sy, ek het al gewonder wanneer julle twee kom want die mense sê daar moet 'n sakkie in die lamp kom en jy het nie vir my so iets gegee nie. 10

Kenny tik met sy hand op sy sak. Hier is hulle, Suster.
Toe hulle naby die kliniek kom, kyk die vroedvrou skierlik rond en sê: Ek ruik rook, 'n groot veldvuur wat die Augustus-wind dié kant toe waai. 15
Nooit het dit in haar kop opgekom dat dit die eerste gebou in die geskiedenis van Vatmaar is wat besig is om in vlamme op te gaan nie.

By die kliniek vra Kenny: Hoe gaan dit hier, Suster?
Doodgoed, sê sy. Party mense kom sit sommer net hier op die bankies en vergeet van die wêreld.

- 11.7 Watter morele kwessie het konflik vir Vatmaar se gemeenskap na Tant Wonnie se begrafnis veroorsaak? (1)
- 11.8 Hoe het die milieu 'n invloed op Kenneth en Suzan se hantering van hierdie konflik gehad? (1)
- 11.9 Watter handeling van Suzan versterk die tema van liefde? (1)
- 11.10 Na watter kliniek word hier verwys? Dra die oprigting van die kliniek by tot Kenneth se berusting? Gee TWEE redes om jou antwoord te motiveer. (3)
- 11.11 Waarom is reëls 4 tot 5 (TEKS F) ironies ten opsigte van Kenneth en Kaaitjie? (1)
- 11.12 Waarom ervaar Suzan konflik oor die gebou (reëls 15 tot 16) wat afgebrand het? (1)

- 11.13 Kenneth se ouers was vantevore nie tevrede met sy keuse vir 'n lewensmaat nie.
- 11.13.1 Waaroer was hulle ontevrede? (1)
- 11.13.2 Waarom kan Kenneth vir Suzan nou met 'n geruste hart na sy ouers neem om te ontmoet? (1)
- 11.13.3 Waarom is dit gepas dat Kenneth Suzan *my als* noem? (1)
- [25]**

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag)

VRAAG 12: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – OPSTELVRAAG

In *Die kwart-voor-sewe-lelie* is die Engel een van die karakters in Iris se lewe.

Bespreek die rol wat die Engel in Iris se lewe speel in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]**VRAAG 13: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS G

Peter het verkies om te swyg.

“Jy hoor wel van my,” het Joe gesê, aan sy voorkop geraak en vertrek. Ek was eintlik spyt, want sonder sy weerligafleidende effek was ek uitgelewer aan hierdie vreemdeling met wie ek veronderstel was om 'n kamer te deel.

“Hoe gaan dit met jou studie?” het ek beleef gevra.

“Goed.”

“Is jy amper klaar?”

“In Mei.”

“O. En dan?”

“Dan gaan ek huis toe.”

Ek het sy leë koppie gevat en dit in die badkamer uitgespoel. “Die mense hou nie eintlik van ons nie,” het ek gesê toe ek terugkom. “Van Suid-Afrikaners.”

“Nee,” het hy saamgestem. “Nie eintlik nie.”

“Hy's moeg,” het die Engel skielik agter my gesê.

Ek het soos gewoonlik omgedraai al het ek geweet daar gaan niks te siene wees nie.

“Wat is dit nou?” het Peter gevra en oor sy gesig gevryf.

“Niks nie. Ek dag ek hoor ... Jy's seker moeg?”

“Nogal. Ek het heelnaag op die lughawe gesit omdat hulle gesê het daar's 'n kans dat die vliegtuig gisteraand al sou vertrek.”

“Dan wil jy seker nou slaap?”

Hy het op die rand van die bed gaan sit. “Tensy jy iets anders beplan het.”

“Ek wou gaan eet het. Daar's 'n plek net 'n paar tree van hier.” ...

“Maak my wakker wanneer jy terugkom,” het hy gesê en lankuit oor die bed geval.

Sy kaal rug het my week gemaak en ek het skielik onthou waarom ek altyd antwoord op sy roepstem. “En moet om hemelsnaam nie met vreemde mense praat nie.”

5

10

15

20

25

13.1 In watter ruimte bevind Iris haar in TEKS G? (1)

13.2 Watter karaktereienskap van Peter kan ons aflei uit die gebeure wat TEKS G onmiddellik voorafgaan? (1)

- 13.3 Watter bydrae lewer Joe tot Iris se lewensfilosofie? Wat is Peter se reaksie op dié bydrae? (2)
- 13.4 Noem TWEE afleidings wat jy oor die verhouding tussen Peter en Iris na aanleiding van hulle gesprek in reëls 5 tot 10 kan maak. (2)
- 13.5 Iris en haar gesin behandel alle rasse gelyk.
Motiveer dié stelling met DRIE voorbeelde uit die roman. (3)
- 13.6 Verwys na reël 15.
- 13.6.1 Watter rol van die Engel kom hier na vore? (1)
- 13.6.2 Noem nog TWEE rolle wat die Engel in Iris se lewe vervul. (2)
- 13.6.3 Dink jy die Engel se optrede in reël 15 sluit by die motto van die roman aan? Motiveer jou antwoord. (1)
- 13.7 Gehoorsaam Iris Peter se versoek in reël 26 nadat die gesprek plaasgevind het. Motiveer jou antwoord. (1)

EN

TEKS H

“Nee,” het ek gesê.

Dié keer was dit 'n regte hospitaal. Geen katte nie en al vier beddens in die saal beset.

Links van my was 'n gebreekte heup, oorkant my 'n gebreekte sleutelbeen en 'n rugwerwelprobleem. Vir die Engel was daar geen lêplek nie. Hy was ook nie op die vliegtuig nie en ek het gewonder of hy agtergebly het om sy wakende oog oor Peter of Bettie te hou. 5

Frederik het my hand vasgehou en ek het hom maar laat begaan.

Ek was skaars weer op die been en aan dokter Anders se sy, toe Elsa haar dramatiese aankondiging maak: Sy het besluit enigste kinders is nie die ideaal 10

wat sy ons altyd voorgehou het nie, groot gesinne is meer dinamies en verrykend. (Dit was kort ná die geboorte van Michel, Kara en Claude se eersteling, 'n blonde kind met pikswart ogies en 'n olyfkleurige vel soos sy mooi pa.) Haar dokter het sy kop geskud en gesê sterilisasie is onomkeerbaar, maar hulle kon tog diverse dinge probeer en kyk wat gebeur. 'n Drieling was die gevolg. Selfs Johanna het nie geweet wat om te sê nie en Pa het in aller yl van sy plaas teruggekeer om sy prokureur te gaan spreek en sy testament te hersien. Al drie was seuns en sou aan 'n stukkie grond gehelp moes word. 15

“Die dokter is te slim,” het Ma gesê. “Wie sou dit kon raai?”

“Slim?” het Johanna gesê. Sy en Ma het gebrei dat die rook uit hul penne slaan, 20

...

13.8 Waarom is Iris nou in die hospitaal? (1)

13.9 Dr. Anders se van is sprekend van Iris se anderste verhouding met mans.

Gee DRIE redes waarom haar verhoudings met Peter én Frederik anders is. (3)

13.10 Verwys na reëls 5 tot 6.

Hoekom sou die Engel moontlik 'n wakende oog oor Bettie moet hou? Dink jy Peter sou daarvan hou dat die Engel 'n wakende oog oor hóm hou? Motiveer jou antwoord. (2)

13.11 Verwys na reëls 8 tot 15.

Watter ironiese wending ondergaan Elsa en Kara onderskeidelik in die roman? (2)

13.12 In reël 15 tree Johanna teenstrydig met haar karakter op.

13.12.1 Waarin is dié teenstrydigheid geleë? (1)

13.12.2 Noem TWEE maniere hoe Johanna as karakter vir Iris ten opsigte van haar lewensfilosofie ondersteun. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

VRAAG 14: KRISMIS VAN MAP JACOBS – OPSTELVRAAG

Antie Grootmeisie en Blanchie het 'n invloed op Map Jacobs, terwyl Blanchie en Maud Cavernelis beïnvloed.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]

VRAAG 15: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS I

Lig vóór en op die trap van die woonstelblok waar die Cavernelisse woon. Dis 'n Sondag, nog taamlik lank voor Kerstyd, maar die Kersorkes van die buurt is alreeds aan't oefen met die oog op "die end van die jaar". Daar is Danny Delcarme, Boytjie Louw, Oompie Paulsen, Kaffi'tjie Arries, Freddy la Vita en Bêrend Oliphant.

5

Die straat is vol mense, onder andere Cyril en Richie wat, met die bord oor 'n groot konka opgestel, kerrim speel; en Tommy Sobotker, die "man moet die trinkets" – Tommy smous jare al met klein goetertjies (ringetjies en "bangles" en wat dies meer), en doen veral goeie sake met die kinders van die buurt. Sy ware karwei hy meestal in 'n vlak handkarretjie, netjies met vakkies toegerus.

10

Die musiek van die orkes klink op. Nuuskieriges van oral af. Die saxofoon klim bo die ander instrumente uit. Die straat bly besig. Dan het die orkes sy eerste lied klaar, en stem vir die volgende. Stemme uit die skare word gehoor.

15

EEN: Hê, watte' band is dit dié?

TWEE: *(wil antwoord, maar weet ook nie en vra eers 'n ander)* Hoe call hulle nou weer vir hulle?

DRIE: *(wat weet)* 'Is die Star of the Redemption, man!

TWEE: O! *(Dan aan EEN.)* 'Is die Star of the Redemption! Hulle practise al vir Krismis! Dan loop hulle mos!

20

EEN: Star of the wát?!

DRIE: Redemption, man!

'N ANDER: Star of the Redemption ...

EEN: O! Maar hulle practise darem vroeg al vi'jaar!

25

DRIE: Well, Oompie Paulsen wil hê al die koppe moet hulle kant toe kom vi'jaar ...

STEM:	Seker so ... <i>Die orkes speel. Die mense praat.</i> Die lig verander. <i>Blanchie verskyn, mooi aangetrek, op pad uit.</i> <i>Ons sien vir Maud by 'n venster bo, van waar sy na onder loer.</i>	30
-------	--	----

- 15.1 Wat noem ons die teksgedeelte vanaf reëls 1 tot 15 en verduidelik waarom die insluiting daarvan noodsaaklik vir die leser is. (2)
- 15.2 Wat is die sosio-politieke konteks waarteen die drama afspeel en die gevolge daarvan vir die karakters? (3)
- 15.3 Herlees reëls 6 tot 7.
Verduidelik hoe die speletjie wat Cyril en Richie speel werk en hoe dit simbolies aansluit by die sosio-politieke konteks waarin die karakters hulself bevind. (2)
- 15.4 Watter verband is daar met die naam van die orkes in TEKS I en die titel van die drama en verduidelik ook die ironie wat in die orkes se naam opgesluit lê as ons die inhoud van die drama in gedagte hou. (2)
- 15.5 Die taalgebruik in die drama is karakteriserend. Noem DRIE eienskappe van die taalgebruik wat dit as 'Kaaps' tipeer. (3)
- 15.6 Verklaar wat met die woorde in reëls 26 tot 27 bedoel word. (1)
- 15.7 Herlees reël 30 en 31.
Is die veranderende lig in die drama geslaagd of nie geslaagd nie? Motiveer jou antwoord. (1)

EN

TEKS J

	<i>Die orkeslede stem in, behalwe Boytjie natuurlik.</i>	
MIRIAM:	<i>(besig met Boytjie)</i> Hoe lyk 'it, mister Louw, gaat julle wen vi'jaar?	
BOYTJIE:	Met 'n meisie soos jy wat onse klere help maak, hoe kan ons annerste? <i>Hulle lag.</i>	5
BOYTJIE:	<i>(laf)</i> Eina, Miriam, man, jy kielie 'n mens!	
MIRIAM:	<i>(giggel)</i> Ag, moenie spót nie, mister Louw...	
OOMPIE PAULSEN:	Hê, Miriam, moenie lat hy beginne vlerksleep nie gehoor, Boytjie Louw is 'n vinnige man, en voor jy wiet ... <i>Almal lag</i>	10
BOYTJIE:	Aag, Oompie Paulsen, Oompie Paulsen práát somer maar... <i>Miriam giggel, en werk maar aan. Die orkes bly aan die stem.</i>	
MIRIAM:	<i>(terwyl sy bly werk)</i> En mister Jacobs, waar is hy? Boeta het gesê ek moet seker maak of ek mister Jacobs se measurements ook moet niem... Mister Johnnie Jacobs ...Ek het hom nog nooit selwers gemeet nie... Boeta het gesê hy het al previously in die band gespeel... <i>'n Stilte en erns kom oor die groep wat so pas nog gelag het. Al die instrumente stil, behalwe 'n enkele banjo wat halfhartig ingestem word. Niemand antwoord Miriam nie, en sy kyk vraend op. Oompie Paulsen gee die teken en die orkes begin hard speel. Lig doof uit.</i>	15 20

- 15.8 Identifiseer die karakteriseringstegniek wat gebruik word om aan die leser insig oor Boytjie Louw se karakter te gee. Bewys jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks. (2)
- 15.9 Verskeie karakters in die drama probeer van die realiteit van hul omstandighede ontvlug – net so is die geval met die orkes en hul musiek. Bewys hierdie stelling deur na TWEE ander karakters en hul manier van ontvlugting te verwys. (4)
- 15.10 Haal 'n sin uit uittreksel J aan waarin dramatiese ironie voorkom. Verduidelik waarom jou aanhaling korrek is. Waarom wou hulle nie vir Map sy plek in die Kersorkes teruggee nie? (3)
- 15.11 Verduidelik Oompie Paulsen se optrede in reël 19 en 20. (1)
- 15.12 Watter ooreenkoms is daar in die atmosfeer van TEKS I en TEKS J reëls 1 tot 15? (1)
- [25]**

MIS – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 15 (opstelvraag) ÓF VRAAG 16 (kontekstuele vraag)

VRAAG 16: MIS – OPSTELVRAAG

Miem verhoed Meisie om as karakter te groei terwyl Konstabel tot Meisie se karakterontwikkeling bydra.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

[25]

VRAAG 17: MIS – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

MIEM:	Ek het 'n gevoel... hoe sou ek nou sê... <i>(klop met haar vuus teen haar bors)</i> 'n gevoel hier diep, diep binne-in my. <i>(Onheilspellend)</i> Vannag sak die donker magte oor ons dorpie neer!	
GERTIE:	Wat 'n aakligheid! As daar iets gebeur, moet die kerkklok lui.	
MIEM:	Is dit waar?	5
GERTIE:	Ja, die wyksusters het vanmiddag vir almal laat weet. En dan moet ons ons kerk toe haas om daar bymekaar te kom. <i>Daar is 'n harde klop aan die deur.</i>	
MIEM:	<i>(fluister waarskuwend)</i> Bly doodstil. <i>MEISIE kom nader en staan bang agter haar ma se stoel. Daar is weer 'n klop.</i>	10
MIEM:	Wie is dit?	
KONSTABEL:	Konstabel Van der Riet, Mevrou.	
MIEM:	Konstabel Van der Riet. Ek ken nie so 'n konstabel nie.	
KONSTABEL:	Ek weet, Mevrou. Ek kom van elders. Deel van die ontplooiende waakeenheid. En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees. <i>MIEM, MEISIE en GERTIE kyk na mekaar.</i>	15
MIEM:	Verskoon my tog, Konstabel, maar vannag moet 'n mens versigtig wees. <i>(loer deur die sleutelgat)</i> Dis waar! Hy is 'n konstabel. <u>Dis hoekom wagter nie geblaf het nie!</u> <i>GERTIE loer ook deur die sleutelgat.</i>	20
GERTIE:	<i>(bewonderend)</i> Selfs in die donker kan ek sien hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So 'n man kan 'n mens vertrou.	25

MIEM:	Net 'n oomblik, Konstabel. Ek sukkel net bietjie met die slot. (<i>Sluit die deur oop.</i>) So ja. (<i>Maak die deur oop.</i>) Kom gerus binne.	
	<i>Die KONSTABEL kom binne. Hy dra 'n donker ronde brilletjie en 'n helm. In die een hand hou hy 'n wit kiere vas en in die ander 'n groot leersak of 'Gladstone bag'. Daar heers 'n doodse stilte terwyl MIEM, MEISIE en GERTIE hom sprakeloos aankryk. Deur die oop deur kan die sirkusmusiek gehoor word.</i>	30

- 17.1 Is Miem se woorde in die eerste spreekbeurt 'n voorbode of bygelowigheid? Motiveer jou antwoord. (2)
- 17.2 Watter verhouding het Gertie met Meisie en Miem onderskeidelik en waarom bevind sy haarself in hulle huis? (3)
- 17.3 Herlees reël 4.
- Wat verwag die vroue kan moontlik op hierdie aand gebeur en waarom het Gertie dan eintlik geen rede om te vrees nie, maar Miem wel? (3)
- 17.4 Herlees reël 8.
- Evalueer of die vroue se reaksie op dié handeling geloofwaardig is al dan nie. Motiveer jou antwoord. (1)
- 17.5 Verduidelik waarom die onderstreepte stelling in reël 21 ironies is. (1)
- 17.6 Herlees reëls 28 tot 30.
- Noem twee rekwisiete wat tot die vroue se sprakeloosheid bydra en verduidelik die simboliek van elk van hierdie items. (3)
- 17.7 Evalueer die geslaagdheid van die sirkusmusiek wat hoorbaar is wanneer Konstabel die huis betree. Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

EN

TEKS L

Hy trek sy baadjie stadig uit. Sy bolyf is kaal. Met vinnige flambojante bewegings wat herinner aan dié van 'n towenaar wat 'n indrukwekkende toertjie uitvoer, draai hy die binnekant van die baadjie buite toe – die twee kante verskil heeltemal. Dit is die baadjie van 'n hofnar of pierot en is gemaak van blink sy. Die swart en silwer sy vorm diamantpatrone en daar is 'n sagte, swart val om die nek. Die KONSTABEL trek die baadjie stadig en met groot behae aan. Dit het geen knope nie en hang los oop. Hy luister na die musiek en glimlag effens. Dan beweeg hy sy kop van kant tot kant. Byna droomverlore voer hy, sonder om weg te beweeg, 'n paar danspassies uit wat herinner aan dié van 'n marionet. Hy verstar wanneer hy iets hoor. Dan beweeg hy vinnig na die agterdeur en maak dit toe. Soos voorheen staan hy met sy rug na die gehoor en leun teen die kosyn. MEISIE verskyn in die gangdeur. Sy is kaalvoet en in haar wit aannemingsrok. MEISIE kyk nie na die KONSTABEL nie.

MEISIE: *(koponderstebo en skaam)* Ek het gehoor hulle het gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.

- 17.8 Wat noem ons die teksgedeelte in reëls 1 tot 16 en verduidelik die dramatiese ironie wat steeds deur hierdie oomblik voortgesit word. (2)
- 17.9 In die drama is om blind te wees en te sien deurlopende motiewe. Identifiseer TWEE karakters en verduidelik hoe hierdie motiewe op hul van toepassing is. (4)
- 17.10 Herlees reël 18.
- Wanneer sou Konstabel die geleentheid gehad het om vir Meisie dié instruksie te gee. (1)
- 17.11 Miem se intense beskerming van Meisie het Meisie uiteindelik gefaal. Bewys hierdie stelling. (1)
- 17.12 Identifiseer in watter fase van die drama TEKS K en TEKS L onderskeidelik afspeel. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

**AFRIKAANS HUISTAAL V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 45 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae en die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepeenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. Opstelvrae:
As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepeenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepeenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.
8. Kontekstuele vrae:
As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.
11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

“27 april 1994” – Vincent Oliphant

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

H = Halfrym T = Tipografie B = Beeldspraak V = Vryheid

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
 - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 halfrym, 1 tipografie en 1 beeldspraak wat gekoppel is aan die vryheidsgedagte.
 - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT		MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n toepaslike inleiding aan.			
HALFRYM			
Die toegevoede stembrief lyk soos 'n voël se vlerke wat tussen die duim en vinger vasgeknyp word om in die stembus gegooi te word. 'n Aksie wat vryheid bring.		Die v-alliterasie wat die beskrywing van die stembrief gee, versterk die gedagte van vryheid.	Versreël 2: <i>knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas</i>
Wanneer die spreker die stembriefie ingooi, vou hy ook die verlede, waar hy as gevolg van Apartheid ontnem was van sekere regte, toe. Nou is hy dus vry van daardie tyd.		Die <i>gleuf</i> verwys na die aksie van die pos van die stembrief wat vryheid bring. Die <i>geskiedenis</i> wat deur die <i>gleuf glip</i> verwys na die verwydering van Apartheid. Dit maak mense dus vry en die g-alliterasie onderstreep hierdie gedagte.	Versreël 3: <i>tot hy veilig deur 'n gleuf in die geskiedenis glip</i>

HALFRYM		
Die spreker kan nou vorentoe kyk, die verlede vergeet en saam met die <i>duif van vrede</i> sy vlerke sprei en vry wees.	Die d- en s-alliterasie dra by tot hierdie gedagte van loswees van die verlede en die gryp na die vryheid.	Versreël 7: <i>die duif van vrede sy blou vlerke sprei.</i>
Die spreker het nou stemreg en hy het nou 'n stem waarmee hy nou oor sy vryheid en reg wil praat.	Die s-alliterasie beklemtoon die feit dat die spreker nou mag stem en dat hy oor hierdie vryheid wil praat.	Versreël 8: <i>sodat my nuutgebore stem na woorde smag</i>
Die afskaffing van die Apartheidswette gee die spreker ook vryheid.	Die v-alliterasie laat duidelik die wegval van die Apartheidswette klankmatig hoor. Hierdie wegval, bring vryheid.	Versreël 11: <i>bo die geruislose val van skanse van die vel</i>
Die herhaling van <i>uiteindelik</i> beklemtoon dat daar eers baie moes gebeur,	maar op 27 April 1994 is dit voltooi en daarmee saam het vryheid gekom.	Versreël 1: <i>uiteindelik</i> vou ek die verlede toe Versreël 14: <i>uiteindelik</i> myself te kan sien
TIPOGRAFIE		
Die alleenplasing van die woord <i>vry</i>	beklemtoon die gevolg van 27 April 1994.	Versreël 6: <i>vry</i>
Versreëls 16 en 17 vorm 'n koeplet wat funksioneel is,	want twee bevolkingsgroepe is verenig wat op vryheid vir beide dui.	Versreël 16: <i>om aan hulle hand te gee</i> Versreël 17: <i>en te voel hoe vlees en vlees ontmoet.</i>
Die herhaling van <i>loop</i> beklemtoon dat almal saamgebind word.	Hierdie wete dat die bevolkingsgroepe eintlik saamgebind is as een gee vryheid in denke en optrede.	Versreël 18: <i>want een lyn van bloed loop deur die eeue</i> Versreël 19: <i>loop deur die ganse geskiedenis</i> Versreël 20: <i>loop deur my en loop deur jou</i>
Enjambement <i>loop deur die hele gedig. Dit sluit aan by die gedagte van vryheid.</i>	Die enjambement beklemtoon die gevoel van vryheid. In strofe een beklemtoon enjambement juis die twee woorde <i>vry</i> en <i>sprei</i> .	Versreël 6: <i>vry</i> Versreël 7: <i>die duif van vrede sy blou vlerke sprei</i>
BEELDSPRAAK		
In versreël 7 word die stembrief gelykgestel aan 'n duif. Ons het dus hier met 'n metafoor te make.	'n Duif is 'n simbool van vrede en daar is slegs vrede wanneer almal vry is.	Versreël 7: <i>die duif van vrede sy blou vlerke sprei</i>
Die <i>lied</i> in versreël 9 word metafories gesien.	Die lied verteenwoordig vreugde en goeie wense wat slegs kan wees as almal vry is.	Versreël 9: <i>om 'n lied vir my land</i>

ARGUMENT	MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die vlag is simbool van vryheid en reg. Dus 'n vergelyking.	voel hy dat hy die reg het om sy stem te laat hoor.	Versreël 9: <i>om 'n lied vir my land</i> Versreël 10: <i>soos 'n vlag aan die tong te laat sweef</i>
Hy vergelyk hom met 'n vreemdeling wat skielik weer mense in die oë kan kyk na 'n lang ballingskap.	Hierdie nuwe vryheid het dus die spreker nuut gemaak.	Versreël 14: <i>uiteindelik myself te kan sien</i> Versreël 15: <i>soos iemand wat ek nooit geken het nie.</i>
Die kandidaat bied 'n toepaslike slot aan.		
		[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

“Vroue van Vermeer” – T.T. Cloeteler

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	A ✓ <i>Die kandidaat gee SLEGS die letter; nie die hele antwoord nie.</i>	1
2.2	Die leser weet dadelik dit handel oor die kunswerke van Vermeer. ✓ EN Halfrym/ v-alliterasie/alliterasie hef die titel uit. ✓ EN “Meestal” ✓	1 1 1
2.3	Die vrou is vasgevang binne haar huis / Dit dui op die vrou se vasgevangendheid. ✓ EN Die brief is simbolies van die enigste kontak wat vroue met die buitewêreld gehad het. ✓ <i>Die kandidaat moenie die stylfiguur benoem nie.</i>	1 1
2.4	Die venster is simbolies van die kontak met die wêreld. ✓ <i>Die kandidaat moenie die stylfiguur benoem nie.</i>	1
2.5	Metafoor ✓ EN Dit dui op die destydse ongekende belangstelling van die Nederlanders in die buitewêreld./ Dit dui op die Nederlandse nuuskierigheid in verband met die wêreld. ✓ <i>Die kandidaat moet nie die definisie van 'n metafoor gee nie.</i>	1 1
2.6	Vermeer bring die natuur in hierdie geslote/afgesonderde ruimte van die vroue. ✓	1
		[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**“n Paternoster vir Suid-Afrika” – Lina Spies**

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Dit is 'n gebed. ✓ EN Dit dui daarop dat daar meer as een gebed vir SA is./ Dit verwys nie na 'n spesifieke gebed nie./ Dit is 'n universele gebed. ✓	1 1
3.2	Die aandagstreep. ✓ EN Tipografiese inkeping ✓	1 1
3.3	B ✓ <i>Die kandidaat gee SLEGS die letter; nie die hele antwoord nie.</i>	1
3.4	“en ek kon die lootjies uitdeel” ✓ <i>Die kandidaat moet die versreël aanhaal en nie net noem watter versreël dit is nie.</i>	1
3.5	Elke groep word afsonderlik beklemtoon. ✓ EN Die kommas ✓ EN Die v-alliterasie ✓	1 1 1
3.6	Ja. Die erkenning van unieke eienskappe van elke bevolkingsgroep kan tot eenheid bydra. ✓ <i>Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie en kry ook nie die punt vir 'n JA-antwoord nie, maar wel vir die motivering.</i>	1
		[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**“Bokser” – Ernst van Heerden**

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Ja Dit skep die verwagting dat die gedig oor 'n bokser handel wat dan ook wel so is. ✓ <i>Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie en kry ook nie die punt vir 'n JA-antwoord nie, maar wel vir die motivering.</i>	1
4.2	C. ✓ <i>Die kandidaat gee SLEGS die letter; nie die hele antwoord nie.</i>	1
4.3	Die woord “maar” dui die wending aan, ✓ EN Tot hier was die bokser fisies en geestelik sterk, maar nou begin sy weerstand krummel./is hy besig om te knak. ✓	1
4.4	Die dood sal uiteindelik die wenner wees. ✓	1
4.5	Die paarrym sluit aan by die paar/ twee boksters in die kryt. ✓ EN Die uiterlike bou is 'n koeplet / twee versreëls en daar is twee boksters in die kryt. ✓ <i>Die kandidaat moet die rympatroon sowel as die uiterlike bou in verband bring met die twee boksters.</i>	1
4.6	4.6.1 Aanvanklik neem die verteller as 'n buitestander waar./ is die verteller objektief. ✓ In versreëls 13 tot 18 raak die verteller fisies betrokke by die gedig/ is die verteller subjektief. ✓	1
	4.6.2 Die ellips dui aan dat die bokser, die verteller, besig is om sy bewussyn te verloor. Die verteller is dus fisies betrokke. ✓	1
		[10]

EN

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**“My Blommenkie-lief” – Christo du Plessis**

Vraag	Antwoord		Punt
5.1	kwatryne ✓		1
5.2	5.2.1	Assonansie/ O-assonansie ✓	1
		EN	
	5.2.2	“Maar” ✓	1
5.3	Ja Dit handel oor twee verliefdes en daarom is die omarmende rym gepas. ✓ <i>Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie en kry ook nie die punt vir 'n JA-antwoord nie, maar wel vir die motivering.</i>		1
5.4	Hartseer ✓		1
5.5	“vasgehaak”/ “weligheid” ✓ EN Sy was oordadig in haar liefdesbetuigings. / Sy was 'n ekstrovert. ✓		1
5.6	5.6.1	Strofe 4 se dame was vrolik teenoor die ander dames wat almal donker /swaar van gemoed was. ✓ <i>Die kandidaat moet die kontras aandui. Dus moet beide soorte dames genoem word.</i>	1
	5.6.2	“my” ✓ Blommekie-lief het vir hom gewag en hy het haar gaan haal. ✓ <i>In die motivering moet die kandidaat die “wedersydse soektog” uitwys.</i>	1
			[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

H = Handeling
U = Uitdagings
S = Selfbegrip

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Kom in konflik met sy pa oor sy argeloosheid jeens sy studies.	Greg wil nie harder leer as die vorige jaar nie.	Bl.55: ...het ek ook nie 'n duiwel omgee vir skoolwerk nie/ Bl. 58: "Ek het nie myself gekies nie. Ek sal nog lê as ek wil," antwoord ek slaperig.
	Pa wil hê hy moet by UCT studeer; hy wil Potch toe of oorsee.	Bl. 98:"My pa was op UCT", sê ek. 'Hy wil hê ek moet ook soontoe. Ek het lus vir Potch."/ Bl. 99: "Miskien moet ek oorsee gaan. Net so vir 'n jaar of twee. maar ek sien hoe sit dit my pa se stress levels in die rooi."
	Hy kom tot die insig dat hy nooit sy pa tevrede sal kan stel nie.	Bl.207:Maar dan is daar ook die ander deel van my wat wonder of enigiets wat ek doen, goed genoeg gaan wees vir hom?
	Hy besef ook dat hy slegs 'n kloon is binne sy pa se bestaanswêreld.	Bl. 73:"Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's."/ Bl.125:'n Clone geword.
	Verder sien hy die ironie daarin dat sy pa 'n groot kommunikasie-maatskappy besit, maar hy nie behoorlik kan kommunikeer met sy eie seun nie.	Bl.206:Dis nogal ironies – hy besit hierdie groot kommunikasiemaatskappy, maar hy kan nie eens behoorlik met sy seun kommunikeer nie.

Greg het 'n gemis aan die band wat hy met John gehad het.	In plaas daarvan dat hy Eckardt as 'n nuweling inisieer, ontferm hy hom oor Eckardt. So haal hy hom die gramskap van die ander matrieks op die hals. Hy kom later tot die insig dat Eckardt nooit 'n vriend was nie, maar hom manipuleer het om nie net vir Dok Pienaar nie, maar sy eie pa te ontmasker.	Bl.63: <i>"Nee! Los hom net" Ek steek my hand uit na Eckardt.</i> Bl.63: <i>Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte./</i> Bl.162: <i>Van die ouens was nie baie happy met my nie.</i> Bl. 211: <i>Dis nie die ou wat ek as my vriend leer ken het nie./</i> Bl.212: <i>Wat is dit met die ou? Dit lyk dan nou of hy my ... haat?</i> Bl.215: <i>"Dis reg, die candlestick-maker is jou pa ... Toe jy vir Dok ontmasker het as die Burcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi."</i>
Hoe meer daar 'n vriendskap tussen Greg en Eckardt ontwikkel, hoe meer raak Greg 'n eenkantmens.	Hy begin al hoe makliker leuens aan sy pelle, TJ en Plank, vertel. Hy laat hul ook al hoe minder naby hom toe. Dit lei daartoe dat van die seuns hom begin sien as 'n "loser". Hy begin self aan sy leierskap twyfel.	Bl.83: <i>"Beauty sleep,"</i> lieg ek./ Bl.93: <i>Ek wonder of hy my storie glo./</i> Bl.169: <i>"Jy lieg vir my. Hoe lank nou al."</i> Bl.45: <i>"Kan nie nou praat nie. Sien jou later, TJ."/</i> Bl.107: <i>... klap die deur met 'n slag toe en skree: "Los my uit!"/</i> Bl.154: <i>"Kan ons dit nie later maak nie? Ek wil net ... daar is iets waarmee ek besig is."/</i> Bl.123: <i>"Hoekom was jou kamerdeur gesluit?"</i> Bl.85: <i>"Loser" kap een sag.</i> Bl.107: <i>Was daardie ou wat my gister 'n loser genoem het reg?</i> Bl.165: <i>"Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid."</i>

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Greg het dubbele standarde.	Hy rapporteer nie dat Eckardt 'n bier in sy yskas het nie, maar hy gebruik sy hoofseunstem om Plank te vermaan dat bier nie by die skool toegelaat word nie. Hy berispe die graad neges wat op die trappe sit en rook. Hyself sit ook later op die trappe.	Bl.71: <i>Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell,..</i> Bl.83: <i>"Jy weet ons mag nie bier inbring skool toe nie," sê ek met my hoofseunstem.</i> Bl.109: <i>"Julle weet julle mag nie op die trappe sit nie. Maak dood daardie sigaret!"</i> Bl.72: <i>... en gaan sit op die trap voor die koshuis.</i>
Greg oortree al hoe meer skoolreëls.	Hy is nog lank na ligte uit besig met The Idiot Test. Greg sit op die koshuistrap en reageer traak-my-nie-agtig as TJ sy oortreding uitwys. Aan die einde gee hy nie om dat hy 'n skoolreël verbreek deur in sy skoolklere te eet en drink nie. Alles was net show. Greg besef hy is nie so bullet-proof soos hy gedink het nie: nie teen die dood van John wat hy wel leer aanvaar het nie; ook nie teen die ondergang van sy pa waaraan hy wel deeglik deel het nie.	Bl.89: <i>Dit was ure terug al ligte uit.</i> Bl.73: <i>Jy weet ons mag nie so rondhang op die trappe nie. Ek trek my skouers op."</i> Bl. 203: <i>"Dis teen die skool se reëls om in skoolklere te loop en eet of drink, maar ek gee nie nou 'n hel om nie."</i> Bl.225: <i>Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie.</i> Bl.225: <i>Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.</i>
Alhoewel hy hoofseun is, is hy nie lojaal teenoor die skool nie.	Hy sien die skool as 'n godverlate skool; in die middel van verdwaal-se-gat. Hy is negatief oor die skool se najaag van prestasie. Hy is gekant teen breinspoeling en kloning waaraan die skool hulle onderwerp.	Bl.49: <i>..., vir wat sal jy 'n seunskool hier in die middel van verdwaal-se-gat kom bou?</i> Bl.59: <i>"... die beste jaar ooit op akademiese en sportgebied ..."</i> Bl.49: <i>...teelaarde te skep waarin sakeleiers van die toekoms gekweek kan word .../ Bl.49: ...hul empires moet bou met die geld wat hulle pappies in die verlede geërf, verdien of gesteel het.</i>

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Tydens die kuberkraking gooi Greg alle reëls en waardes oorboord.	Greg huiwer aanvanklik om om by kuberkrakery betrokke te wees, maar hy aanvaar die uitdaging. Hy dring die rekenaarnetwerk van die reisagentskap binne. Hy verkry onwettig toegang tot die skool se netwerkamer. Hy laai RAT op Dok Pienaar se rekenaar.	Bl.200: <i>Nee, skree dit binne my. Maar iewers kom die jamiskien-stem deur die geraas./ Bl.81: "Sal jy my leer?"</i> Bl.80: <i>Toe fluister hy sag maar triomfantlik: "Yes! Ons is in"</i> Bl.113: <i>En minute later verskyn my eie skoolrekord op die skerm voor ons.</i> Bl. 153: <i>Die RAT is gelaai en ek is op Dok Pienaar se rekenaar.</i>
Hy skeep verhoudinge af.	Die seuns wil graag met hom gesels/terg, maar hy is nie lus om hulle te groet nie. Sy betrokkenheid by kuberkrakery maak dat hy nie heeltemal luister as sy pelle met hom gesels nie. Hy kom nie agter dat sy aansien en gewildheid onder die leerders daal nie.	Bl.45: <i>"... Kan nie nou praat nie..."/ Bl.46: Maar ek mompel net onhoorbare verskonings.</i> Bl.84: <i>Ek hoor nie wat TJ-hulle verder sê nie, want my gedagtes dwaal .../ Bl.101: Ek hoor net hier en daar wat hulle nog sê./ Bl.122: My kop is by ander goed. By Eckardt. By Dok Pienaar.</i> Bl.85: <i>"Loser," kap een sag.</i>
Sy betrokkenheid by die kuberwêreld lei tot akademiese pyne.	Hy druip sy eerste wiskundetoets. Hy skeep sy werk af.	Bl.99: <i>En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets.</i> Bl.97: <i>Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê.</i> Bl.160: <i>Sien 'n spul skoolboeke op my bed lê. Ek het nog nie een van hulle oopgemaak vanaand nie</i>

Sy leierskap ly onder sy betrokkenheid by kuberkrakery.	Aan die begin was hy 'n leier met sterk leiereienskappe, maar namate hy meer belangstelling in kuberkrakery vertoon, raak sy taak as leier vir hom al hoe minder belangrik. Hy vergeet dat hy aan diens is en skuif sy verantwoordelikhede op Kwanele af.	Bl. 193: "Jy's hulle hero, Greg. Veral die jong outjies. Hulle sien op na jou." Bl.50: "So why didn't you organize it then?" / Bl.97 ... is ek ná oorhaastige studiesessies en uitgeruilde toesigdiensbeurte aanmekaar besig ... Bl.45: "Is jy nie aan diens by die graadagts nie? Dit ook nog. Ek het vergeet." / Bl.102: "Sal jy vir my kerkdienste instaan?"
Eckardt se verdwyning bring gevoelens tydens John se selfdood en vrees vir die dood vir Greg terug.	Daarom is Greg baie krities teenoor die manier wat die skool die verdwyning hanteer. Hy konfronteer dok Pienaar oor die hantering en weier om verder rugby te speel. Deur hierdie optrede begin hy egter aan sy leierskap twyfel, omdat nie een van die ander seuns saam met hom in opstand gekom het nie. Hy stuur anoniem 'n e-pos aan die media oor die verdwyning deur van sy pa se kontakte gebruik te maak.	Bl. 65: "Moet ook nie julle ouers hiervan vertel nie.... Onthou dat Lawson Kollege 'n trotse reputasie het." / Bl.74: "Hierdie ding dat hulle alles wil stilhou, man, flippit." Bl.75: "Ek kan nie glo dat julle dit nog ontken nie, Dok. Ek meen, face dit: Eckardt is weg, maar hy het nie weggeloop nie." Bl.76: "En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie." Bl.76: Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier? Bl.77: So dalk is ek bloot op 'n uitstappie. Bl.77: Maar hulle het niks gesê van die media nie. En ek het mos contacts in die pers. As ek hulle 'n tip-off kan gee ... Anoniem.
Eckardt se verdwyning bring gevoelens tydens John se selfdood en vrees vir die dood vir Greg terug.	Hy gebruik die kubervaardighede wat Eckardt hom geleer het om die raaisel van Eckardt se verdwyning te probeer oplos. Hoe meer hy dit regkry, hoe meer groei sy selfvertroue.	Bl.126: En ek weet net waar om te begin." / Bl.211: "Was dit nie interessant hoe jy alles wat ek vir jou geleer het, kon gebruik nie, Greg?" Bl.145: Vreugde neem my lyf oor soos 'n dwelm-fix.

	Hy installeer RAT en 'n keystroke logger op Dok se rekenaar om vas te stel hoe hy by Eckardt se verdwyning inpas. So kom hy sy pa se betrokkenheid agter en besef dat hy nooit sy pa regtig geken het nie.	Bl.144: Ek heg die RAT aan Bl.154: <i>'n Krakie in Dok se mondering wat my kan wys hoe hy inpas by Eckardt se verdwyning.</i> Bl.215: <i>"... die candlestick-maker is jou pa..."</i> Bl.220: <i>Al die jare tussen ons, en ek het hom nooit genuinely geken nie.</i>
Hy raak bewus van reg en verkeerd.	Hy wil so dan die skool se leuse uitleef deur Dok Pienaar te ontmasker. Hy kom tot die insig dat die wêreld van geld en korrupsie is die eintlike onderwêreld. Verder besef hy dat geld hulle gesin se ondergang is.	Bl.194: <i>Daar is geen uitkomstans meer nie. Ek sal hom moet vertel van Dok./</i> Bl.197: <i>"Daar is nog wat ek julle kan gee"/</i> Bl.203: <i>En wat het geword van al die waardes wat hulle vir ons wou leer?</i> Bl.191: <i>Die wêreld van geld is boser as enigiets wat 'n hacker sal kan aanvang.</i> Bl.222: <i>Geld is wat ons gesin gemaak het en geld is wat ons gesin vandag gaan uitmekaar skeur.</i>
Greg kom in opstand teen gesagsinstansies.	Hy besluit om inspekteur Cele en sersant Botha uit te daag en hulle te mislei.	Bl.163: <i>"Inspekteur Cele, ek is nie die speurder nie."/</i> Bl.129: <i>Hierdie keer sal ek moet dink. Wat sal ek sê en wat nie?/</i> Bl.129: <i>Maar ook fyn genoeg om vir jou eie wickets te keer.</i>
Greg kom in opstand teen gesagsinstansies.	Hy jok ook vir hulle. Greg besef egter die realiteit van waarmee hy besig is en erken ook dat sy verworwe mag nie sterk genoeg is teen dié van die groot sosiale instansies nie.	Bl.131: <i>"G-4ce is maar net 'n naam wat Eckardt my gegee het."</i> Bl.138: <i>Ek kan hulle nie alles vertel wat ek weet sonder om myself ook by die ding in te sleep nie.</i> Bl.197: <i>"Ek weet ek het goed gedoen wat ek nie veronderstel was om te doen nie."</i> Bl.198: <i>"Ons gaan doen wat ons kan, maar ek gaan jou niks belowe wat ek nie weet ek sal kan nakom nie.'n Regter sal besluit of jy kwytdigskeld kan word..."</i>
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		

[25]

VRAAG 7: ONDERWÊRELD – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Greg ✓ EN Die leser leer Greg se gevoelens/emosies oor die nie-wakkermaak/laatwees ken. Omdat Greg subjektief betrokke is by die nie-wakkermaak/laatwees is sy vertelling daarvan geloofwaardig./ is sy vertelling daarvan eerstehands. ✓ <i>Die kandidaat moet die sukses van die soort verteller aan die gebeure koppel. Waak teen 'n generiese antwoord.</i>	1
7.2	Ja. Sy oupa was die stigter van Lawson Kollege; hy wou net die skool se naam beskerm./ Hy is voorbeeldig en volg die skoolreëls getrou; dus is dit te verstane dat hy Greg verklap. OF Nee. Greg en TJ is vriende; jy lewer nie jou vriend uit nie./ As Trappers het Greg en TJ belowe om mekaar te ondersteun./Greg het TJ met die inligting vertrou. ✓ <i>Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.</i>	1
7.3	7.3.1 Lig is die lewe vir die mensdom. ✓	
	7.3.2 Ja. Dok Pienaar was besig om duisende mense te laat sterf en deur hom uit te lewer, het Greg lig aan hulle gebring, ✓ <i>Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie. Die motivering moet by "lig" uitkom.</i>	1
7.4.	7.4.1 Toegeneënthed/ welwillendheid. ✓ <i>Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied solank dit 'n gunstige gesindheid is.</i>	1
	7.4.2 Ja. Hy het gedink hulle sal hom ondersteun. ✓ <i>Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.</i>	1
	7.4.3 Hy het gedink hy kan dok Pienaar/ die skool so dwing om werklik na Eckardt te begin soek. ✓	1
	7.4.4 Ja Greg wou net die waarheid (die lig) na vore bring <i>Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie. Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied solank die antwoord uitkom by die "lig" na vore bring.</i>	

7.5	Eckardt is nie daar nie./ Slegs Eckardt se laptop en selfoon is daar. ✓		1
	EN		
	Hy is ontsteld./bang. ✓ <i>Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied solank dit dui op 'n negatiewe emosie wat Greg ervaar.</i>		1
7.6	EN		
	Die dood van John. ✓		1
7.6	Greg konfronteer sy pa./ Greg wil by sy pa die waarheid weet rakende <i>Project Nursery Rhyme</i> en John se dood. ✓ LET WEL: dit gaan oor die agtergrond en nie die milieu nie.		1
7.7	Greg geniet die tyd saam met sy ma in Clarens. ✓		1
	EN		
	Greg is ook tevrede met die moeilike besluite wat hy moes neem om sy skoolhoof aan die polisie oor te gee en sy pa uit te daag. ✓		1
7.8	7.8.1	Die polisie gaan van sy pa se betrokkenheid by <i>Project Nursery Rhyme</i> uitvind. ✓ <i>Die kandidaat moet spesifiek in die antwoord wees.</i>	1
	7.8.2	Hy het geweet hy moet dok Pienaar aan die polisie uitlewer, maar hy het ook geweet dit gaan sy familie raak./sy pa se betrokkenheid gaan dan ook uitkom. ✓ <i>Die kandidaat moet die TWEE kante van die konflik vir EEN punt noem.</i>	1
	7.8.3	Greg kan dit keer deur nie dok. Pienaar te onbloom nie, maar hy het gekies om die skool se leuse uit te leef./ om die waarheid met die polisie te deel. ✓ <i>Die kandidaat moet TWEE kante van ironie noem vir EEN punt.</i>	1
7.9	Greg het hom van die donker onderwêreld losgemaak en kom nou na die lig toe,/ Ten spyte van alles staan hul familieverhoudinge nou in die lig; is daar hoop. ✓ <i>Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan wat op die positiewe/lic fokus.</i>		1
7.10	Hy is hoofseun./sy pa is 'n mediamagnaat./G-4ce gee hom 'n valse magsgevoel. ✓		1
	EN		
	Sy betrokkenheid by kuberkrakery/die onderwêreld./ Die feit dat hy deur Eckardt gemanipuleer is. ✓		1
7.10	EN		
	Greg is bewus van sy eie swakheid en weerloosheid. ✓		1

7.11	Mnr. Owen huil self nou oor John. ✓	1
7.12	Teks A kom uit die Verwikkeling waar Eckardt verdwyn. ✓	1
	Teks B kom uit die Afloop waar Greg en sy ma oor alles praat. ✓	1
		[25]

VRAAG 8 OPSTELVRAAG**MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

BV= Baas voor
(groei/rus/omgee)
BN = Baas na

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Baas is 'n swerwer wat na sy ouers se dood nie regtig 'n heenkome het nie.	Hy mag, as uitlander, nie die Sable-Ranch-plaas erf nie./ Hy moet, as uitlander, sy beeste skiet om iets van sy erfporsie te bekom.	Bl. 12: <i>Hy word as 'n uitlander beskou en beland in 'n jare lange politieke oorlog om iets van sy erfporsie te probeer behou. Uit desperaatheid word hy jagter. Maande lank jag hy meedoënloos sy eie beeste in die mopanieveld van Sable Ranch.</i>
As swerwer begin Baas sy swerftog deur na sy familie in die Houtboschberg terug te keer.	Hy soek na iets van die gemeenskap van vroeër.	Bl. 13: <i>In 1991 pak hy sy aardse besittings op die Land Rover en gaan terug na sy plek van herkoms om iets van die drome van sy jeugjare terug te vind.</i> /Bl. 14: <i>In die huise van die enkele familieleden wat nog in die gebied oor is, kry Baas die warmte van gemeenskap waarna hy dikwels na sy pa en ma se dood verlang het.</i>
In sy swerftog bly Baas soekend.	Hy is nie gelukkig waar hy is nie./bosbouwerk bevredig hom nie./besluit om 'n toergids in Botswana te word.	Bl. 14: <i>Hy aanvaar 'n pos as toergids by 'n safarimaatskappy</i>
Baas kies tydens sy swerftog om sy oupagrootjie se drome na te jaag.	Hy kan sy onrustigheid nie meer keer nie.	Bl. 15: <i>Hy kan sy ongedurigheid nie langer besweer nie.</i>

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die toergidswerk bring ook nie vervulling nie.	Hy word 'n bootsman wat bedags droom oor/beplan aan sy eie boot./Baas bedank sy werk om na Barotseland te gaan	Bl. 15: <i>By 'n ander toergids koop hy 'n tweedehandse motorboot en 'n sleepwa en bedank uit sy werk.</i>
Hy reis na Manaka en verken die Zambezi met 'n tweedehandse motorboot.	Hy is op sy gelukkigste wanneer hy besig is om in sy oupagrootjie se voetspore te volg.	Bl. 15: <i>Hy wys die werksaanbod vir eers van die hand. Mark onderneem om na sy kamp om te sien toe Baas met net die noodsaaklikste bagasie sy reis voortsit, eers weswaarts tot waar die Zambezi sy boggel maak.</i>
Baas word die nuwe bootsman op Mark James se Zambezi Joy.	So vaar Baas met die Zambezi Joy, en is net sporadies op Manaka. Baas het nog nie 'n plek gevind om tot rus te kom nie	Bl. 34: <i>Die Zambezi Joy kry 'n nuwe bootsman, wat ook as stuurman dien.</i>
In 1991 vestig Baas hom op Manaka toe die padnetwerk verbeter/die Zambezi Joy verkoop word.	Hy koop die Zambezi Joy met die hoop om dit te verander vir gebruik as sy toeristebboot en so tot rus te kom./	Bl. 38: <i>Twee jaar ná Baas as bootsman op die Zambezi Joy begin werk het, knars die Zambezi Buffalo Transport se ratte tot stilstand. Dit gee hom die geleentheid om die boot te koop. Dit is die kans van 'n leeftyd. Die soort geld wat hy nodig het om sy eie boot te bou, besef hy lank reeds, het hy doodgewoon nie.</i>
Aanvanklik wil Baas eerder onbetrokke bly/nie vir ander omgee nie.	As hy nie veel met die Lozi's te doen wil hê nie./hom vererg wanneer siek mense by hom aanklop/ wanneer die khuta van hom verwag om sy voertuig in hulle belang te gebruik.	Bl. 34: <i>"Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring".</i> Bl. 57: <i>... "Solank die houer van 'n konsessie gereeld betaal en sy verpligtinge teenoor die stam nakom deur sy lewensmiddele tot die beskikking van die mense te stel, kan 'n konsessie nie gekanselleer word nie".</i> Bl. 108: <i>... "Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan!"</i>
Hy dink dat hy in isolasie /alleen 'n bestaan kan maak, nie die plaaslike bevolking nodig het nie.	Hy jaag vir Grace weg.	Bl. 93 <i>"Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."</i> Bl. 94 <i>"Ek sal my eie probleme oplos, dankie."</i>

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS AANHALING/ PARAFRASE	
Baas wil niks met Christenskap te make hê nie/as Christen omgee vir iemand nie.	Hy vererg hom oor Grace se mededeling dat ouma Essie sê hy is 'n Christen./met 'n doel na Manaka gestuur is.	Bl.91: <i>"Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."/</i> Bl. 43: <i>"Wat ... het haar dié idee gegee?" sê hy in Afrikaans.</i>
Die sendelinge se teenwoordigheid maak Baas woedend.	Hy wil hulle nie op sy werf hê nie./wil nie Manaka met ander mense deel nie	Bl. 82: <i>"Wat soek julle in my kamp?"</i> /Bl. 84: <i>"Dit maak seker nie van mens 'n helikopter-pilot nie, maak dit?" Baas vat steeds nie sy hand nie.</i>
Baas worstel met sy situasie/ervaar baie innerlike konflik.	Hy wil nie die mense van Manaka versorg/vir hulle medisyne gee/gepla word/met godsdienste gekonfronteer word nie, want dan kan dit beteken dat hy vir die ander mense op Manaka omgee.	Bl. 126: <i>"Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te doen nie."/</i> Bl. 87: <i>"Sê vir hulle hulle kan ... vlieg."</i>
Met die verloop van tyd word Baas beïnvloed deur Grace wat hom help met die keuses wat hy moet maak/herinner aan sy droom.	Grace is in haar wese 'n Christen wat omgee, hulp verleen en medemenslik leef./sy herinner hom telkens aan die goeie mens wat hy is./wys vir hom wat dit is om te vergeef.	Bl. 228: ... <i>"Niemand het genoeg vir hom omgee nie," sê Grace stil.</i>
Baas word ook deur ouma Essie gehelp om antwoorde op sy vrae te kry.	Sy gee vir hom die lyfband van muluti Joseph sodat hy in sy rol as geestelike leier kan ingroei./Sy gee vir hom allerlei teksgedeeltes om te lees./leef die voorbeeld uit van wat Baas inherent is./antwoord hom op sy vrae oor wat van 'n mens 'n Christen maak.	bB. 197: <i>Ouma Essie nooi Baas om die begrafnis van die vrou wat dood is, by te woon."/</i> Bl. 202: <i>"Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen."</i>
Baas se gesprek met Whitey dra ook by tot sy veranderde seining.	Hy hoor dat omgee in hulle familie se bloed loop.	Bl. 234: <i>Is dit dalk ook hoe die familiekwaa werk waarvan Whitey gepraat het? En hoe 'n kampvuur in die nag werk, bo, langs die Zambezi op die Angolagrens waar Manuel met 'n bekertjie droë boontjies sit en wag vir iemand ...?</i>

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS AANHALING/PARAFRASE	
Uiteindelik aanvaar Baas sy rol as geestelike leier op Manaka/volg hy in sy oupagrootjie se voetspore. So kom hy op Manaka tot rus/beëindig sy swerfs kap.	hy bid by ouma Essie se siekbed./hy gee muluti Joseph se lyfband terug./suggereer dat hy die herstel van die sendingkerk gaan doen./herstel die houtbankies wat wil aandui dat Manaka, soos in die verlede, 'n plek gaan wees waar die gemeenskap/kinders byeen gaan kom./skiet Morena om Johnnie se vrou en kind los te koop.	Bl. 243: <i>“Dankie, ouma Essie,” sê hy. “Ek het dit nie meer nodig nie.”</i>/Bl. 243: <i>“Dankie, Here. Amen.” sê Baas.</i>/Bl. 244: <i>“Die deure en die vensters vir die kerk het gekom,” sê Baas.</i>/Bl. 244: <i>Meneer Johnnie help hom die planke en die stutpaaltjies te verf ...</i>/Bl. 244: <i>By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.</i>
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		
[25]		

Vraag	Antwoord	Punt
9.5	Hy wou sy oupagrootjie se droom laat voortleef. ✓ EN Ja In die slot van die roman is Baas en Grace op pad om die boot te gaan soek./word gesuggereer dat die droom steeds voortgaan./word gesuggereer dat die toeristebesigheid steeds kan realiseer./dat 'n nuwe begin voorlê. OF Nee Baas se dae word waarskynlik so vol as gevolg van sy rol as geestelike leier dat die toerbesigheid nooit realiseer nie. ✓	1
9.6	Zambezi Grace ✓	1
9.7	Baas het Grace nooit misbruik nie. ✓	1
9.8	Alomteenwoordige verteller/Derdepersoonsverteller ✓ EN Die verteller weet wat in Baas se gedagtes aangaan./ Die verteller is 'n objektiewe waarnemer van Baas se onsekerheid./ Die verteller beskryf Baas se optrede. ✓	1
9.9	Ja. Whitey en Baas se name is dieselfde naam as wat in die bas van die kremetart uitgekrap is. ✓ Whitey en Baas het dieselfde oupagrootjie wie se naam in die kremetart uitgekrap is. ✓ EN Ja Baas bly hom uitvra./suggereer dat daar 'n verband is. ✓	2
9.10	Whitey help mense omdat hy daarvan hou om hulle te help, nie omdat hy iets terug verwag nie. ✓	1

Vraag	Antwoord	Punt
9.11	Albei is met 'n doel na Manaka gestuur./gestuur om op Manaka te help. ✓ EN Met die herstel van die kerk neem hy sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Met die herstel van die bankies onder die worsboom neem hy sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Hy kerf sy naam onder sy oupagrootjie se naam uit en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Hy spyker die <u>buffelkop/Morena</u> se horings by Manaka se ingang vas en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Hy gee vir Ouma Essie haar oorlede man se lyfband terug en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Baas aanvaar Grace in sy lewe toe hy haar vra om hom net Baas te noem. Leef volgens die reëls van die gemeenskap en neem so sy regmatige plek op Manaka in. ✓✓✓ <i>Die kandidaat bied DRIE optredes vir EEN punt elk aan.</i>	1 3
9.12	9.12.1 Die mens staan in 'n verhouding met die natuur./ Die mens staan in verhouding met ander mense./het altyd verbintenisse met ander mense. ✓	1
	9.12.2 Jy staan nie alleen nie./staan altyd teenoor ander mense met wie jy moet saamleef./vir wie jy verantwoordelikheid moet aanvaar./ Naasteliefde/Ubuntu/Omgee behels dat 'n mens beskikbaar moet wees vir dienslewering./ Ons moet mense volgens hulle dade oordeel, eerder as volgens hulle woorde./velkleur./agtergrond. ✓ <i>Die kandidaat bied die tema en 'n gepaste boodskap binne konteks van die roman aan.</i>	1
[25]		

VRAAG 10: OPSTELVRAAG**VATMAAR – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

WK= Tant Wonnie se konflik.

WI= Tant Wonnie se interaksie

CK= Oom Chai se konflik

CI = Oom Chai se interaksie

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

